



# WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

## NG KERK RANDBURG

**Week van 25 Augustus – Hebreërs 12 : 18 - 29**

**Stil word en aanbidding:** Deel met mekaar julle vreugdes en vrese van die afgelope week. Om God te dien eindig nie Sondagoggend aan die einde van die erediens nie, dit begin eintlik Maandagoggend. Wat dink julle oor hierdie stelling? Lees Psalm 71: 1-8 as 'n gebed. Dink na oor vers 5-6 en hoe jy dit deur jou lewe beleef het.

**Woord: Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.** Die skrywer van die Hebreërs-preek bring ons by 'n prentjie uit die Ou Testament waar die heiligheid, grootsheid en almag van God duidelik raakgesien kan word. Daar is ook baie ander voorbeelde uit die Bybel waar mense wat naby God se teenwoordigheid gekom het, baie bang geword het. Die aarde het gebewe. Storms het gewoed. Wolke het saamgetrek. Die aarde het gebrand. Donderstorms het uitgebreek... en skielik besef die mens hoe klein hy werklik is. Wanneer 'n mens tot dié besef kom, raak jy verskriklik bang. Dan besef jy dat God almal oombliklik kan verwoes. Selfs Moses, God se geroepene, die een met wie God soos met 'n vriend gepraat het, kon dit nie hou nie. "Alles wat daar by die berg gebeur het, was so skrikwekkend dat selfs Moses geskree het: 'Ek staan en ruk, so bang is ek.'" Op 'n manier is God se heiligheid te groot vir ons mense se verstand. Soos die psalmdigter wil ons ook vra: Wie is ons, God, dat U aan ons dink? Lees teen hierdie agtergrond Heb 12:18-29.

### Gesprek

1. Hebreërs 12:18-24 kan beskryf word as die verhaal van twee berge - van Sinai tot Sion. Die ervarings by Sinai sou met die woord "*vrees*" opgesom kon word, terwyl die ervarings by Sion heeltemal anders daarteenoor in die woord "*feesvreugde*" beskryf kan word. Of ons sou die ervarings by die hierdie twee berge ook met die woorde "*afstand*" en "*nabyheid*" kon beskryf. Watter een van hierdie ervarings stem ooreen met jou pad met God in jou lewe? Waarom so?
2. Vir die Hebreër-gemeente het nog niks verander nie. Alles het nog maar uitsigloos gelyk. Kyk hulle egter met die geloofsoog, beleef hulle alreeds iets van daardie feestelike samekoms by die berg Sion, staan hulle as't ware alreeds in die poorte van die Godstad. Hoe kan ons mekaar help om op *hierdie toekomsgerigtheid van ons geloof te fokus*, te midde van die werklikhede, probleme en uitdagings van elke dag? Wat sal die uitwerking daarvan op ons wees as navolgers van Jesus?

**Geloofsgewoonte: Om God se beloftes in Sy Woord te memoriseer.** Met hierdie gewoonte leer ons om dmv van herhaling God se lewegewende beloftes te alle tye en onder alle omstandighede aan vas te hou, ten einde die geloof in ons aan te vuur. Skryf 'n belofte van die Here wat jy raak gelees het op 'n kaartjie en plak dit teen die yskas of spieël. Lees die belofte elke dag en herhaal dit totdat jy dit ken. Waaraan sal jy uit die Bybel vashou as jy in eensame afsondering aangehou sou word? Dink na oor beloftes wat jy met ander in moeilike omstandighede kan deel.

**Afsluiting:** Hoe kan jy in die komende week vir "God dankbaar dien met eerbied en ontsag?" Ook teenoor ander mense. Bid vir mekaar om dit te kan uitleef.